# FRIESPERD Telersgenootskap van Suid Afrika
# FRIESIAN HORSE Breeders' Society of South Africa

Tel: 051 410 0900
WhatsApp: 079 273 3072
Fax: 086 573 1021
Email: elize@stemma.co.za

HENRY STRAAT 118
POSBUS / P.O. BOX 506
BLOEMFONTEIN
9300


19 Februarie 2021

Geagte Lede,

Hiermee wil die kantoor u aandag daarop vestig dat perde slegs op die onderstaande wyse in die registers van die Friesperd Telersgenootskap van SA opgeneem kan word.
Volgens die Grondwet word die stappe soos hieronder uiteengesit toegepas om die perde op die Logix databasis te registreer.
Neem asseblief kennis daarvan en vergewis uself van die vereistes en dokumentasie soos aangedui. Daar sal geen uitsonderings gemaak word aan enige lid om 'n perd op die databasis te voeg as die vereistes soos hieronder vervat nie nagekom is nie.
Baie dankie vir u samewerking in die verband.

Vriendelike Groete

Bestuur en Raadslede

**<u>A- Perde wat ingevoer word:</u>**

1. Die persoon/organisasie wat die invoer doen moet 'n telerslid by die Friesperd Telersgenootskap van SA wees.
2. Verkry toestemming by die Friesperd Telersgenootskap van SA vir die invoer.
3. Betaal die voorgeskrewe invoer - fooi ten bedrae van R1.380.00.
4. Voorsien die Friesperd Telersgenootskap van SA van die registrasiesertifikaat van die perd soos per KFPS Hollandse genootskap.
5. Voorsien die Friesperd Telersgenootskap van SA van DNA profiel van die betrokke perd soos per Holandse Laboratorium gedoen en vervat in die dokumente van KFPS Hollandse genootskap.
6. Voorsien die Friesperd Telersgenootskap van SA van die volledige invoer dokumente soos bekom tydens die invoer van die perd.

**B- Perde wat in Suid Afrika gebore word:**

1. Die persoon wat die geboorte aanmeld moet ‘n telerslid by die Friesperd Telersgenootskap van SA wees tydens die geboorte van die vul.
2. ‘n Geboorte kennisgewing moet voltooi word en aan die kantore voorsien word.
3. Betaal die voorgeskrewe geboorte kennisgewings fooi van R120.00.
4. Die merrie moet in besit van die telerslid wees tydens die geboorte van die vul, of die teler moet ‘n leenbrief vir die merrie hê vanaf die eienaar van die merrie. Indien van ‘n leen merrie gebruik gemaak word, moet die eienaar van sodanige leen merrie, ook ‘n telerslid van die Friesperd Telersgenootskap van SA wees.
5. Die hings moet in besit van die teler wees of die teler moet dekbevestiging van die hingseienaar aan die kantoor voorsien wat ook ‘n telerslid van die Friesperd Telersgenootskap van SA moet wees. Hings moet CEM getoets wees vir dekperiode.
6. DNA ouerskap is verpligtend.
7. Inspeksie van ouers moet op rekord wees. Die ouers van die perd moet dus ook op die databasis geregistreer wees.

**C- Afstammelinge van perde wat nie op die stelsel is nie:**

1. Die ouers van die perd moet eers opgeneem word op die stelsel volgens reëls uiteengesit soos in A of B hierbo uiteengesit.
2. Betaal die voorgeskrewe boete vir laat aanmelding van geboorte (moet binne 6 maande na begoorte aangemeld word), beloop tans R500.00.
3. Per kapita fooie sal ook terugwerkend gehef word vanaf geboorte tot die perd op die stelsel ingebring word, teen ‘n koste van R100.00 per jaar.

**Neem kennis dat perde wat in Suid Afrika gebore is nie as invoere opgeneem kan word nie.**